5
-1

**IN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA**

**[REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA]**

**SAAKNOMMER:** 71589/2010

In die saak tussen :

| | |
|---|---|
| **MARTHINUS J OOSTHUIZEN** | Applikant |
| en | |
| **PRESIDENT,**<br>MNR J G ZUMA | Eerste Respondent |
| **MINISTER VAN JUSTISIE EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING,**<br>MNR JEFFREY THAMSANQA RADEBE | Tweede Respondent |
| **MINISTER VAN POLISIE,**<br>MNR NATHI MTHETHWA | Derde Respondent |
| **MINISTER IN DIE PRESIDENSIE VIR PRESTASIE MONITERING, EVALUASIE EN ADMINISTRASIE, MINISTER,**<br>MNR OHM COLLINS CHABANE | Vierde Respondent |
| **D G VAN JUSTISIE EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING DIREKTEUR-GENERAAL,**<br>ME NONKULULEKO MSOMI | Vyfde Respondent |
| **KOMMISSARIS VAN POLISIE NASIONALE KOMMISSARIS,**<br>GENL BHEKI CELE | Sesde Respondent |
| **KOMMISSARIS VAN DIE ONTVANGER VAN INKOMSTE: KOMMISSARIS,**<br>MNR OUPA MAGASHULA | Sewende Respondent |
| **THE STAATSPROKUREUR,**<br>MNR K I CHOWE | Agste Respondent |

**UITSPRAAK**
**Gelewer:** 07/05/2012

**R D CLAASSEN R:**

1.

Die partye is soos volg:

1.1 Die Applikant is Marthinus Johannes Oosthuizen, 'n 54 jarige besigheidsman woonagtig te Lydenburg, Mpumalanga.

1.2 Die Eerste Respondent is die President van Suid-Afrika.

1.3 Die Tweede Respondent is die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling.

1.4 Die Derde Respondent is die Minister van Polisie.

1.5 Die Vierde Respondent is die Minister in die Presidensie vir Prestasie Monitering, Evaluasie en Administrasie.

1.6 Die Vyfde Respondent is die Direkteur Generaal van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling.

1.7 Die Sesde Respondent is die Kommissaris van Polisie.

1.8 Die Sewende Respondent is die Kommissaris van die Ontvanger van Inkomste.

1.9 Die Agste Respondent is die Staatsprokureur.

Die Respondente word elkeen in hulle amptelike hoedanigheid siteer en nie noodwendig in hulle persoonlike hoedanigheid nie, ten spyte van die feit dat hulle so gesiteer word in die aanhef.

2.

Die Applikant bring hierdie aansoek op grond van die Wet op Beskermende Bekendmakings, Wet 26 van 2000 ("WBB"), gelees met Artikels 6 en 8, van die "Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid", Wet 3 van 2000, beter bekend as "*PAJA*". Dit is gemeensaak dat die Applikant tot en met 2001 gewerk het vir 'n maatskappy bekend as Coromandel Farm (Pty) Ltd. Die Applikant het toe sekere beskermende inligting aangaande die bedrywighede van hierdie maatskappy bekend gemaak aan die maatskappy se direkteure, en as gevolg van daardie bekendmaking is hy en ses ander blanke personeellede afgedank. (Die onregmatigheid van die aflegging word vir

doeleindes van hierdie aansoek aanvaar omdat dit nie in geskil geplaas is nie). Die Applikant het toe die saak, onder andere, verwys na die Kommissie vir Konsiliasie, Mediasie en Arbitrasie, maar het die saak nie end-uit gevoer nie omdat daardie instansie nie die skade wat hy na bewering gely het aan hom kon vergoed nie. Hierna het hy vertoë en skrywes en inligting gegee aan onder andere, die sewe Respondente, waarin hy sy besware en klagtes ten opsigte van die maatskappy voorgelê het. Hy het geen verdere hulp of bystand van enige aard van enige van hulle ontvang nie en is ook nie verwys na ander instansies wat hom sou kon help of bystaan nie.

3.

Die Applikant beweer dat hy as gevolg van sy afdanking nie alleen sy inkomste verloor het nie, maar hy het ook gewys op kriminele optredes van die maatskappy self ten opsigte van inkomstebelasting, geskenkebelasting, oortredings van die Insolvensiewette en ander aksies van spesifiek die Sewende Respondent, die Kommissaris van die Ontvanger van Binnelandse Inkomste(sic). Wat egter opvallend is, is dat hy nie vertoë gerig het aan óf die Openbare Beskermer óf die Ouditeur Generaal nie. Ten einde laaste het hy hom gewend tot hierdie Hof vir beskerming, soos hy dit gesien het, onder die WBB, gelees met Artikels 6 en 8 spesifiek van PAJA.

4.

Die grondslag van sy aansoek is eerstens, dat die WBB, in die aanhef ten doel het om "*voorsiening te maak vir die beskerming van werknemers wat 'n bekendmaking doen wat ingevolge die wet beskerm moet word*"; en in terme van Artikel 8(1)(c)(ii)(bb) van PAJA, waar die administrateur (klaarblyklik die persoon teen wie se besluit opgetree word) kan gelas word om vergoeding aan 'n Applikant te betaal. Op grond van hierdie twee artikels wend die Applikant hom tot die Hof om hom te vergoed vir die skade wat hy gely het voortspruitend uit die afdanking en dan ook die verdere skade wat hy gely het. Dit sluit onder ander in 'n patent wat hy wou registreer maar wat geweier is, waardeur hy skynbaar miljoene Rande se wins kon gemaak het.

5.

Alvorens verder met die meriete van die aansoek te handel, is dit noodsaaklik om sekere agtergrondsinligting in verband met die aansoek te meld. Ten eerste het die Applikant hierdie aansoek persoonlik opgestel. Ongelukkig is dit baie lomp opgestel en in vele opsigte onverstaanbaar. Verder gee hy voor om op te tree namens homself en ses ander persone wat onregmatiglik saam met hom afgedank is. Die punt is deur die Respondente geopper dat hy in elk geval nie daardie Applikante formeel gevoeg het nie, en daar is ook nie ondersteunende verklarings van hulle nie. Dit is nie nodig om iets verder oor hulle te sê nie, alhoewel die Applikant steeds namens hulle vergoeding geëis het, want hulle is nie behoorlik voor die hof nie. Wat betref Respondente

Een tot Ses en Agt, het hulle geen beantwoordende verklarings geliasseer nie, maar slegs 'n kennisgewing geliasseer dat hulle slegs regspunte sal argumenteer by die verhoor. Die saak was verskeie kere voor die Hof en telkens is dit uitgestel om, onder andere, die Respondente te gelas om eerstens sekere inligting te verskaf en om beëdigde verklarings te liasseer. Niks daarvan het tereggekom nie en uiteindelik het die Applikant die Adjunk-Regter President genader vir hulp om die saak ter rolle te kry. In die proses het die Adjunk RP die saak na my verwys vir verdere hantering. Op 21 November 2011 is daar toe voorverhoorsamesprekings gehou waar al die partye teenwoordig was. Die volgende bevel is as gevolg daarvan deur myself uitgereik:

1. *Sewende Respondent sal voor of op die 21 Desember 2011 die Applikant voorsien van 'n volledige verslag ten aansien van sy belastingklaringsertifikaat. Versuim om daaraan te voldoen sal neerkom op minagting van die Hof, tensy goeie redes daarvoor verskaf word;*

2. *Op 'n datum wat gereël sal word tussen die partye, sal die pleit van die Eerste tot Sesde en Agste Respondente bereg word met uitsluiting van die aspekte hieronder genoem;*

3. *Volgende aspekte sal NIE deel van die geskilpunte vorm nie:*

*3.1 Die Arbeidshof-aangeleentheid;*

*3.2 Die eis ten opsigte van die belastingklaringsertifikate;*

*3.3 Enige versoek ten opsigte van die verskaffing van dokumente;*

*3.4 Enige aspek rakende die kwantifisering van die Applikant se geldelike eise.*

*4. Dit word duidelik gestel dat slegs regsargumente voortspruitend uit die antwoord van die gemelde Respondente, bereg sal word, onderhewig aan die bepalings van paragraaf 3.*

Die Ontvanger van Inkomste het verdere hoofde van betoog geliasseer, asook die Applikant self. Die Eerste tot Sesde en Agste Respondente het volstaan by hulle kennisgewing in terme van Reël 6(5) van die Reëls van die Hooggeregshof. Die verhoor is daarna geplaas vir aanhoor op die 3de April 2012 in die Hof in Pretoria. Weereens het die Applikant homself verteenwoordig en is die ander partye verteenwoordig deur Adv. N Ferreira, namens Sewende Respondent, en Mnr P Cavanaugh van die Staatsprokureur in Pretoria, namens die ander respondente.

6.

By die aanhoor van die aansoek het die Applikant dit baie duidelik gemaak dat hy by die Hof slegs een doel het en dit is dat die Hof sy vergoeding wat hy namens homself en die andere vereis, moet laat betaal word. Hy is inderdaad ten volle geleentheid gegee om sy saak in daardie verband te stel. Ek mag byvoeg dat baie daarvan getuienis was wat nie in verklarings vervat is nie maar die ander partye het nie beswaar gemaak nie en ek het die Applikant sy gang laat gaan. Mnr Cavanaugh, namens sy Respondente, het weereens sy regsargumente, soos vervat in sy kennisgewing, geopper en duidelik uitgewys dat daar geen direkte besluit is wat onder hersiening geneem word nie behalwe vir die feit dat die Respondente hom eerstens nie gehelp het, bygestaan en vergoed het vir die skade wat hy gely het voortspruitend uit sy afdanking nie, en tweedens dan die ander finansiële skade wat ook uit ander oorsake gevolg het nie. Wat betref die Sewende Respondent, was dit reeds duidelik gestel dat die hele aspek van sy twis met die Ontvanger van Inkomste rakende sy belastingklaringsertifikate, nie deel van die verhoor sal uitmaak nie. Die Sewende Respondent het ook in die hoofde uitgestip dat daar onderhandel is met die Applikant intussen en dat hy nie voortgaan om klaringsertifikate aan te vra of die sertifikate self op hersiening te neem nie. Dus het hy geen verdere belang met die Ontvanger van Inkomste nie. Advokaat Ferreira het dan ook gemeld dat indien die Applikant nie duidelik te kenne gee dat hy nie voortgaan teen die Ontvanger nie, en hulle verplig is om Hof toe te kom, sal daar bestraffende koste teen

hom aangevra word. Die Applikant het dit nie spesifiek aangespreek nie, maar die Applikant het ook geen argument teen die Ontvanger geopper nie. In die lig daarvan het die Ontvanger dus uit die prentjie geval behalwe sover dit koste betref.

7.

Daar moet nou by die meriete uitgekom word. Ten einde die Applikant se aansoek in die regte perspektief te stel moet eerstens gekyk word na die betrokke bepalings van die twee wette waarop hy steun. Afgesien van die deel van die aanhef wat reeds hierbo aangehaal is van die WWO, is daar ook 'n verdere lang uitgebreide aanhef wat in 3 hoofparagrawe opgedeel is. In die derde hoofparagraaf onder die eerste punt ("*bullet*") word die volgende doel uitgespel:

> "*Ten einde 'n kultuur te skep wat die bekendmaking van inligting deur werknemers met betrekking tot kriminele en ander onreëlmatige optrede in die werkplek op 'n verantwoordelike wys sal fasiliteer deur die daarstelling van omvattende statutêre riglyne vir die bekendmaking van sodanige inligting en "beskerming teen vergelding as gevolg van sodanige bekendmakings;*"

Dit is opvallend dat die woord "*beskerming*' nêrens in die Wet gedefinieer of

ontleed word nie. Dit word slegs in die aanhef gebruik. Indien daar dus gekyk word na die beskerming enersyds wat die Applikant wou hê en andersyds wat die Wet bied, kan slegs gekyk word na die betekenis daarvan soos vervat in die aanhef, en enige ander gevolge wat daaraan geheg word in die bewoording van die Wet self. Dit is egter duidelik dat indien gekyk word na die res van die Wet is die enigste ander bepalings, wat direk betrekking het op die beskerming, vervat in Artikel 4 wat remedies verstrek. Sub-artikel (1) vermeld dat 'n "*werknemer wat in stryd met Artikel 3 aan 'n beroepsnadeel onderwerp is, word of kan word, kan: (a) enige Hof wat jurisdiksie het met inbegrip van die Arbeidshof ingestel by Artikel 151 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) nader om gepaste regshulp; of (b) enige ander proses aanwend wat deur 'n Wet toegelaat of voorgeskryf word*". Verder word ook in Artikel 2 die oogmerke van die Wet uiteengesit en dit lui soos volg:

"*1. Die oogmerke van hierdie Wet is (a) om 'n werknemer, hetsy in privaat of openbare sektor, te beskerm teen onderwerping aan 'n beroepsnadeel omrede hy/sy 'n beskermingsbekendmaking gedoen het; (b) om voorsiening te maak vir sekere remedies in verband met 'n beroepsnadeel wat gely is as gevolg van 'n beskermende bekendmaking wat gedoen is, en (c) om voorsiening te maak vir prosedures ingevolge waarvan 'n werknemer, op 'n verantwoordelike wyse, inligting aangaande*

*onbehoorlikhede deur sy of haar werkgewer bekend kan maak."*

Dit is gemeensaak dat ten tyde van die loods van hierdie aansoek geen sodanige prosedures bekend gemaak is waaraan voldoen moet word nie.

8.

Die punt van hierdie bepalings is egter duidelik. Dit is eerstens om 'n werknemer te beskerm teen vergelding of ander onregmatige stappe wat teen die werknemer ingestel is of kan word as gevolg van bekendmaking van beskermende inligting. Daar is niks in die wet wat meer as dit voorskryf of magtig nie. Dit is duidelik dat hierdie beskerming gerig is op 'n werknemer wat in sy werksplek benadeel is of kan word. In hierdie geval is die Applikant en sy ander mede-werknemers afgedank as gevolg van die bekendmaking van die inligting. Die afdanking is duidelik vergelding soos bedoel in die Wet. Die vraag is dan, watse beskerming kan gebied word. Indien gekyk word na die bepalings van Artikel 4 is dit duidelik dat die enigste beskerming wat gebied kan word is eerstens deur die verskillende howe, maar dit kan bloot beteken dat die werkgewer voor stok gekry kan word deur byvoorbeeld ekstra vergoeding te betaal of 'n ander skeidingspakket te voorsien of te verskuif na 'n ander werk, of so iets dergeliks. Daar kan selfs skadevergoeding betaal word in die vorm van verlies aan inkomste en ander

direkte gevolge van sy afdanking. Dit is sover as wat die remedies soos voorsien deur die Wet, moontlikerwys kan gaan. In hierdie geval is dit duidelik dat die enigste onreg waarteen die Applikant beskerming kan ontvang, is sy onregmatige afdanking. Ongelukkig vir hom is die maatskappy vir wie hy gewerk het kort daarna ook gelikwideer. Applikant het ook nie voortgegaan met sy aansoek in die Arbeidshof nie. As gevolg daarvan het hy op sy eie besluit om daardie weg nie te volg nie, en moet hy die gevolge daarvan dra.

9.

'n Ander aspek wat geopper is tydens argument is die feit dat die Applikant moontlik 'n remedie kan hê teen die likwidateurs van die maatskappy. Hierdie aspek is glad nie in die stukke vervat of mee gehandel nie, en kon dus ook nie in die Hof aangespreek of opgelos word nie. Dit is duidelik dat indien die Applikant daardie weg wil volg, sal hy by wyse van 'n ander proses die likwidateurs moet aanspreek vir enige moontlike skade wat hy gely het as gevolg van sy onregmatige afdanking.

10.

Uit hoofde van die voorgaande is dit dus duidelik dat Applikant geen regshulp

kan verkry teen enige van die Respondente nie. Die besluit waarteen hy dit het is bloot die besluit van die direkteure van die maatskappy om hom af te dank, en moet hy sy remedies soek óf by die maatskappy, óf die likwidateurs, óf die persone wat die besluit geneem het in hulle persoonlike hoedanigheid, indien hy so geadviseer sou word. Daardie punte kan egter nie in hierdie verrigtinge hanteer word nie.

11.

Daar moet verwys word op die Applikant se beroep op die bepalings van PAJA. Soos duidelik uit die bepalings van Artikel 8 blyk, soos wat hierbo aangehaal is, kan vergoeding slegs gelas word teen die persoon wat die besluit geneem het waarteen hy dit het, of teen enige ander partye tot die verrigtinge. Die probleem is egter dat die besluitnemer, naamlik die direkteure van die maatskappy, en of die maatskappy self, nie deel van die aksie is nie, en die ander partye tot die aksie het ook geen aandeel gehad in sodanige besluit nie. Dan moet ook verwys word na die Applikant se eise vir skadevergoeding as sodanig. Daar is duidelik aan die Applikant uitgewys, in die Hof en elders, dat so 'n eis vir skadevergoeding nie in so 'n aansoek soos hierdie gelas kan word nie, aangesien daar getuienis daaroor gely moet word. Verder was al die partye namens wie hy geëis het, nie voor die Hof nie en is nie een van hulle gekruisverhoor of die geleentheid daartoe gebied nie. Die uitnodiging om die saak vir verhoor of na getuienis te verwys oor die omvang

van sy geldelike eise, is van die hand gewys. Sy punt was dat in terme van PAJA, en die reëls daarvolgens uitgevaardig, moet 'n besluit op hersiening by wyse van mosie aansoek gedoen word. Daarmee is geen fout te vind nie. Die punt is egter indien skadevergoeding bepaal moet word, soos wat hy inderdaad eis, moet die omvang en berekening daarvan by wyse van behoorlike getuienis en/of kruisverhoor geskied. Dit het hy van die hand gewys. In die lig daarvan is daar niks meer te sê nie, behalwe om 'n bevel ten aansien van koste te maak.

Dis geyk dat die normale reël ten opsigte van koste geld, naamlik dat die koste die uitslag moet volg. In hierdie geval het die Applikant geensins geslaag in sy eis nie en sal die normale reël wees dat hy ook die koste moet betaal. Soos gesê het die Sewende Respondent 'n spesiale kostebevel aangevra. Ek is egter nie geneë om dit toe te staan nie aangesien die Applikant in persoon is en uiteraard nie ervare is in litigasie-voering nie. Daar is egter geen rede hoekom hy nie die normale koste van die geding moet betaal nie.

Ek maak dan die volgende bevel:

1. Die aansoek word van die hand gewys, met koste.

R D CLAASSEN
Regter van die Hooggeregshof